

SPORT

MINI-HOKKIE

Die Graad 1 tot 3 (o/7 - o/9) seuns en dogters speel mini-hokkie. Mini-hokkie oefeninge begin reeds in die tweede kwartaal, een keer per week. In die derde kwartaal geskied twee oefeninge per week. Spelers neem deel aan rondomtalie wedstryde.

Die Graad R seuns en dogters speel ook mini-hokkie. Seuns oefen op 'n Dinsdag en dogters op 'n Donderdag. Daar is geen formele wedstryde nie.

DOEL VAN MINI-HOKKIE

Daar word gepoog om 'n liefde vir die spel van hokkie by spelers te ontwikkel. Basiese hokkie vaardighede word ontwikkel en gekweek. Spelers leer hoe om die spel te "lees" in 'n kleiner formaat. Samewerking tussen die spelers word ontwikkel aangesien hokkie 'n spansport en nie een-man-sport is nie. Spanne word toegerus met die nodige toerusting. Alle oefeninge en wedstryde word deur spelers bygewoon.

HOEKOM AAN MINI-HOKKIE DEELNEEM?

Tydens mini-hokkie is dit vir ons belangrik om die spelers so veel as moontlik aan wedstryd situasies bloot te stel. Spelers vorder baie goed en hul sportsmangees word goed ontwikkel in wen en verloor situasies. Spelers ontwikkel sosiale vaardighede en leer hoe om in spanverband saam te werk. Spelers is baie lief vir mini-hokkie en geniet hierdie aktiwiteit vreeslik baie.

SPORT

HOKKIE

Hokkie is 'n spansport wat aangebied word vir beide seuns en dogters vanaf o/10 tot o/13. Spelers kry die geleentheid om aan ligawedstryde, Northernns proewe en die Super 12 - kompetisie deel te neem. Hokkie oefeninge begin reeds gedurende Kwartaal 1 en 2 waartydens die spanne gekies word deur 'n paneel van keurders. Die hoofseisoen is in Kwartaal 3 waartydens liga wedstryde plaasvind. Die 1ste spanne kry ook gedurende hierdie kwartaal die geleentheid om deel te neem aan die Super 12 wedstryde. o/12 en o/13 spelers word ook geïdentifiseer en aangemoedig om aan die Northernns proewe deel te neem aan die einde van die seisoen.

DOEL VAN HOKKIE

Daar word gepoog om 'n liefde vir die spel van hokkie by spelers te ontwikkel. Basiese vaardighede word ontwikkel en gekweek en spelers leer ook hoe om die spel te "lees"/insig te ontwikkel. Samewerking tussen spelers word ontwikkel aangesien hokkie 'n spansport en nie 'n een-man-sport is nie. Spelers kry die geleentheid om bydraes te maak tot 'n gesamentlike doel, elkeen se stem word gehoor. Selfstandigheid en 'n verantwoordelike sin vir die keuses wat hulle maak, word gekweek. Ons streef daarna om spelers meer geleenthede te gee om op 'n groot veld en Astro te oefen en wedstryde te speel, deur gebruik te maak van ons buurskole, soos Hoërskool Waterkloof.

HOEKOM AAN HOKKIE DEELNEEM?

Deur hokkie ontwikkel elke jongmens die vaardigheid om hom-/haarself in die samelewing te integreer, goeie en gesonde verhoudings te bou, hoe om 'n wen en 'n verloor met grasie te aanvaar, om ander se prestasies te vier en te erken, saam te werk in 'n variasie van situasies en om selfstandig die lewenspad aan te durf.



TOOT
TOOT!!



Charmaine Botes Visser
CHARMAINE BOTES VISSER PHOTOGRAPH



Charmaine Botes Visser
VISSER PHOTOGRAPH